

DISSIPELSKAP PROGRAM

Een van die baie effektiewe maniere van dissipelskap wat in die kerk voor die Reformasie ontwikkel is, is die proses van geestelike begeleiding (spiritual direction). Ongelukkig het baie van die wysheid wat sodoende deur die kerk opgedoen is, mettertyd verlore geraak. Vandag is daar weer 'n herontdekking van die waarde daarvan en word geestelike begeleiers (spiritual directors), weer oral deur kerke opgelei.

In die proses van geestelike begeleiding word daar van die veronderstelling uitgegaan dat God op pad is met elke mens. Elkeen van ons is op 'n reis, ons is nie maar net toevallig waar ons is nie. Op hierdie reis is God besig om in ons lewens te werk en vir ons te probeer duidelik maak wat Sy wil vir ons lewens is. Deur middel van geestelike begeleiding word mense dan begelei om te leer onderskei waarmee God besig is in hulle lewens. Die kuns van dissipelskap, soos ek dit sien, is dan ook niks anders as juis dit nie, om te leer onderskei waarmee God besig is in jou lewe.

Met hierdie modules van dissipelskap, wil ons dan mense leer om hierdie kuns te ontwikkel, om te kan raaksien en onderskei waarmee God in hulle lewens besig is. Wanneer mense leer om dit te doen, begin die lewe skielik meer sin te maak en begin mense ook hulleself en hulle eie rol hier op aarde beter verstaan. Om hiertoe te kan kom, is dit natuurlik van wesenlike belang om in 'n lewende verhouding met God die Vader te leef van dag tot dag. 'n Verhouding waarin en waardeur ek in toenemende mate God se Vaderliefde, Sy goedheid, Sy genade, Sy omgee, Sy versorging, Sy troos, Sy betrokkenheid by my lewe en Sy leiding van dag tot dag leer ken en ervaar.

Hierdie verhouding neem in aanvang wanneer ek gehoor gee aan Jesus se uitnodiging: "Volg my". Ek word uitgenooi om, soos sy eerste dissipels, 'n pad saam met Hom te stap. Sy eerste dissipels het gehoor gegee aan die roeping deur alles net so te los en Hom letterlik te volg. Gedurende hierdie tyd het hulle nie baie vir hom gedoen nie. Hulle het Hom net gevolg, oral waar Hy gegaan het. Terwyl hulle dit gedoen het, het hulle Hom dopgehou, na Hom geluister, van Hom geleer, Hom leer ken, tyd met Hom spandeer, met Hom gesels, gekyk wat Hy doen en hoe Hy dit doen. So is hulle "opgelei" om mense soos Hy te word, mense wat met dieselfde waardes en oortuigings as Hy leef. Na ongeveer drie jaar plus se opleiding, het Jesus hulle uitgestuur om uit te gaan en nou ook van ander mense dissipels te gaan maak, of ons kan ook sê om ander te gaan begelei om op dieselfde manier te leer lewe.

Ek glo van harte dat ons pad van dissipelskap vandag nog dieselfde roete volg. Wanneer ons Hom begin volg, moet ons ook net eers volg, luister, dophou, waarneem, gesels, tyd spandeer, leer en leer en nogmaals leer. Ons moet sommer net by Hom wees, Hom leer ken en bewonder, leer hoe Hy "dink", hoe Hy mense sien, hoe Hy die wêreld sien, wat sy waardes en oortuigings is – sodat dit alles ook ons s'n kan word. Dis al manier waarop ons gaan leer onderskei waarmee God besig is, ook waarmee Hy in my eie lewe besig is. As ons dit getrou doen, sal ons ook op 'n dag hoor: "soos die Vader my gestuur het, stuur ek ook nou vir jou". Om uit te gaan en vir Hom te begin werk, voordat jy meer duidelikheid het oor wat jou eie "gestuur wees" behels, kan vir jouself baie probleme bring en selfs groot seerkry veroorsaak.

Verder gaan dit ook uit van die siening dat emosionele gesondheid van groot belang is vir innerlike transformasie. In die laaste twee modules wil ons ook mense blootstel en begelei tot 'n meer kontemplatiewe spiritualiteit. Ek glo dat beide hierdie aksente van wesenlike belang is vir die pad van dissipelskap.

BAIE BELANGRIK.

Nie 'n "kursus", maar riglyne vir 'n lewende verhouding met God, ons Vader:

Hierdie dissipelskapmateriaal, is en was dus nooit bedoel om net nog 'n kursus te wees wat 'n mens op akademiese wyse kan deurwerk en agterna kan sê: "Ek het so en so 'n kursus gedoen" nie. Dit kan net iets beteken en 'n verskil maak as 'n mens van week tot week met die materiaal by God gaan stil word en werklik leer om te onderskei waarmee God besig is in jou lewe. Dan alleen kan jy ook leer om na die Vader te luister en te doen wat Hy van jou vra. Die materiaal is dus so opgestel dat dit 'n definitiewe commitment vra rondom persoonlike voorbereiding. As mense "onvoorbereid" by die groepe opdaag en verwag dat iemand anders vir hulle moet lering gee, kan dit nooit werk nie. Die gedagte is juis dat almal saam kom om te deel wat hulle van God geleer het.

Wanneer die groep dan bymekaar kom om te deel, is dit ook van groot belang dat die volgende beginsels sterk onder die groeplede se aandag gebring sal word.

- **Luister na mekaar sonder om mekaar reg te help of te probeer raadgee.**
- **Elkeen moet vry voel om te deel wat op sy of haar hart is sonder vrees vir veroordeling, bevraagtekening, verwerping, of wat ook al.**
- **Moenie uitvis of ander probeer uitlok om meer te deel as waarvoor hulle kans sien nie.**
- **Deel net dit wat jy nou in jou verhouding met God ervaar en van Hom leer, en nie "kennis" wat jy iewers anders of in die verlede opgedoen het nie.**
- **Alles wat gedeel word, is streng vertroulik en slegs vir die groep se ore bedoel.**

Aanvanklik mag dit vir die groepleier nodig wees om sekere lede hieraan te herinner. Daar is altyd mense wat nie die versoeking kan weerstaan om ander te wil onderrig, te wil reghelp of oplossing vir hulle probleme te wil aanbied nie. Die gedagte is dat almal sal leer om van God te hoor wat vir hulle nodig is. Dit gebeur so maklik dat God besig is om vir iemand iets te sê en dat 'n groeplid "aangekla" voel deur dit wat die persoon deel en hom of haar dan probeer "gerus stel" om nie dinge so ernstig op te neem nie.

Hierdie beginsels is van groot belang. 'n Geweldige belangrike deel van die proses van dissipelskap vind op die manier plaas. Indien dit nie toegepas en gevolg word nie, sal mense baie gou begin sê dat hulle nie veel daaruit kry nie en dit begin sien as maar net "nog 'n kursus".

Dissipelskap kan ook nooit iets wees wat mens "doen en afhandel" nie, want dit beskryf 'n leefwyse. Ons probeer om hier beginsels deur te gee wat mens kan aanleer en inoefen om vir die res van jou lewe daarvolgens te leef. Ons sien dit ook gebeur in baie mense se lewens. Die opmerking wat ons die meeste hoor by mense wat dit gedoen het is: "Dit het my lewe verander".

OORSIG OOR DIE VERSKILLENDE MODULES:

Module 1: (Modules 1 en 2 staan bekend as: Die wese van dissipelskap).

In hierdie module begin ons om mense te leer om meer meditatief te luister na die Skrif. Hierdie is deurgaans 'n belangrike askent in al die modules. Daarsonder is dit bykans onmoontlik om te leer onderskei waarmee God besig is. Ons gee dan ook aandag aan 'n aantal kernsake wat veral belangrik is as mens nog aan die begin van jou geestelike reis is. Ons praat nou hier van die "begin van die reis",

maar ons ervaring is dat daar baie van ons lidmate is wat al jare lank kinders van God is, maar in terme van hulle geestelike reis eintlik nog altyd aan die begin is. Die rede hiervoor is gewoonlik juis omdat die proses van dissipelskap of geestelike begeleiding tot nou toe in hulle lewens ontbreek het.

Hierdie module handel dus o.a. oor die ontslae raak van maskers in jou geestelike lewe, die hantering van seerkry gebeure uit jou verlede, die versadiging van ons dors na geluk en vrede.

Module 2:

In hierdie module praat ons oor die vestiging van ons identiteit as kinders van die Here, asook oor die stryd tussen die vlees en die Gees. Ons gee veral ook aandag aan hoe God ons verander om al meer soos Hy te word. Wanneer mense leer om te onderskei wat God besig is om in hulle lewens te doen, vra dit gehoorsaamheid en sal dit lei tot gedragsverandering.

Modules 1 en 2 het 12 sessies elk wat binne 'n jaar afgehandel word. Maw 24 sessies vir die jaar. 'n Baie belangrike deel van die eerste jaar se program, is 'n **retraite** (wat oor drie dae strek) waar daar meer aandag gegee word aan die hantering van bagasie, vergifnis en emosionele en geestelike gesondheid.

Baie belangrik: Ons gebruik ook in die eerste twee jaar (Modules 1 – 4), Jesus se lewe (soos ons dit in die Johannes evangelie leer ken) as die volmaakte voorbeeld van die lewe van 'n dissipel. Ons fokus dus deurgaans op die beginsels wat Jesus geleer en geleef het en kyk hoe dit ons lewens as dissipels raak.

Module 3: (Modules 3 en 4 staan bekend as: Die lewe van 'n dissipel.

Hierdie module handel baie sterk oor roeping, gehoorsaamheid, gawes en bediening. Ons hanteer dissipelskap beginsels vanuit die OT. Dit is ook bedoel om mense bloot te stel aan God se storie met die mens vanuit die OT. Daar word aangetoon hoe God van die begin af vanuit die verbond mense roep om Hom te volg as (wat later in die NT bekend geword het) dissipels. Ons fokus ook baie op Godsbeeld, wie God is, sy karakter soos Hy Homself openbaar het. Dit het ook ten doel om mense te help om die bedoeling van die Bybel beter te verstaan en dus met die regte verwagting na die Woord te kom (maw nie om wetenskaplike en historiese korrektheid in alle opsigte van die Bybel te verwag nie, maar dit te sien as die bekendmaking van God en sy wil vir ons lewe).

Module 4:

In hierdie module wil ons mense begelei om te begin onderskei waartoe God hulle roep in die praktyk van hulle lewe. As mense vir Christus doelgerig volg, sal dit altyd lei tot toerusting en verandering in jou eie lewe wat dan uitloop op bediening in die koninkryk van God. Ongelukkig verkeer baie gelowiges onder die indruk dat net geestelike leiers geroep word tot bediening. In hierdie module help ons mense om te verstaan dat ons almal geroep word om God "voltyds te volg", ongeag van die beroep waarin ons staan. Ons moet net leer onderskei hoe en waar God ons wil gebruik in die omgewing waar Hy ons geplaas het. Die gedagte is dat elkeen wat die vier modules gedoen het, begelei sal word om tot ontdekking te kom van sy haar roeping, gawes en spesifieke bediening. Hierdie bediening hoef nie noodwendig binne die gemeente te wees nie, dit kan ook in die persoons se werksituasie wees.

Modules 3 en 4 (26 sessies), word normaalweg in 'n tweede jaar aangebied. Hierdie jaar word daar ook 'n **retraite** aangebied waar mense meer kans kry om te bid en stil te word rondom hulle spesifieke roeping en bediening.

Modules 5 en 6: (staan bekend as: Die hart van 'n dissipel).

Vir diegene wat nog verder wil gaan vir 'n derde jaar en belang stel in 'n meer kontemplatiewe verhouding met God, is daar dan nog twee modules wat mense wil begelei om vir hulleself 'n "geestelike lewensreël" daar te stel wat hulle op die verdere reis as dissipel van Christus kan help.

In module 5 kyk ons bietjie dieper na dit wat regtig in ons harte leef en sien raak hoe bedrieglik die hart is. Dit is gewoonlik baie ontmaskerend, maar het ten doel om mense te laat beseef dat die nuwe lewe in Christus nooit op jou eie en met jou eie vermoëns geleef kan word nie. Ons "bereik" nooit 'n punt waar ons nou alles "onder die knie" het en op ons eie bene kan staan nie. Ons moet die waarheid dat ons sonder Christus niks kan doen nie, in die oë kyk en aanvaar dat die nuwe lewe nêr genade is.

Module 6 gaan is dan baie meer daarop ingestel om mense bekend te stel van die baie ou geestelike dissiplines soos die beoefening van Christus se teenwoordigheid (Brother Lawrence) die Jesus Gebed (soos beoefen in die Ortodokse tradisie en die woestynvaders) en die Gebed van die Hart.

Dit loop ook oor 'n jaar en gaan gepaard met 'n stil **retraite**.

Module 7: (staan bekend as: Dissipels lewe met Onderskeiding.)

In onderskeiding gaan dit nie net daarvoor dat ons na God se wil vra of soek wanneer ons groot besluite moet neem nie, maar dis 'n kuns wat enige dissipel moet aanleer om van dag tot dag met onderskeiding te leef. In hierdie module word dan spesifiek aandag aan die aspek gegee. Ons kyk ook redelik breedvoerig na St Ignatius se riglyne vir onderskeiding.

Die program sal dan min of meer soos volg verloop:

Jaar 1.

Januarie tot Junie – Die wese van Dissipelskap. Module 1.
Julie tot Desember – Die wese van Dissipelskap. Module 2.
Iewers na Module 1 kom die retraite vir die jaar.

Jaar 2.

Januarie tot Junie – Die lewe van 'n Dissipel. Module 3.
Julie tot Desember – Die lewe van 'n Dissipel. Module 4.
Iewers na Module 3 kom die retraite vir die jaar.

Jaar 3.

Januarie tot Junie – Die hart van 'n Dissipel. Module 5.
Julie tot Desember – Die hart van 'n Dissipel. Module 6.
Iewers tydens Module 5 kom die retraite vir die jaar.

Jaar 4.

Lewe met Onderskeiding. Module 7.
Hierdie jaar se retraite handel oor die gebruik van 'n Joernaal as hulpmiddel in 'n lewe van onderskeiding.

RESULTAAT WAT VERWAG KAN WORD:

Ek kan maar net iets deel van dit wat onself in ons eie gemeente ervaar het, en ook die getuienisse van 'n paar mense insluit sodat hulleself kan sê wat dit vir hulle beteken het.

In ons gemeente (Klema) het ons o.a. die volgende ervaar:

- Groter toewyding en betrokkenheid by diegene wat dit doen.

- Betekenisvolle geestelike- en emosionele groei.
- Toerusting van lidmate wat die spontane uitleef van hulle geloof tot gevolg het.
- Ontwikkeling van leierskap.
- Mense wat vanuit hulle gawes begin dien en vrywilliglik hulle dienste kom aanbied.
- Integrering van hulle Christelike oortuigings in hulle werk en ontspanning.
- Baie groter vreugde in die uitleef van hulle Christenskap.
- Baie groter bewussyn van die waardes van God se koninkryk wat mense "bevry" van die sogenaamde "ratrace".
- Toegeruste lidmate wat weggaan van ons af en in ander gemeentes voortgaan om dissipels te maak.

Dis belangrik om te verstaan dat dit nie nodig is om aanvanklik vir mense te vra vir 'n "drie-jaar commitment" nie. Nooi hulle net uit vir die eerste jaar, maar stel dit duidelik dat dit prioriteit moet geniet binne die jaar. Hulle moet bereid wees om ander dinge af te sit ter wille daarvan, anders gaan dit nie veel help nie. As mense eers deel geword het van die proses, het hulle gewoonlik geen probleem om te commit vir die volgende twee jaar nie. Hier onder haal ek net enkele reëls aan uit evaluasievorms en terugvoer wat ons die afgelope jaar oor dissipelskap ontvang het:

"Dit is die mees ingrypende ding wat ek nog gedoen het."

"Dit het my lewe verander." (die opmerking word baie gehoor).

"Die afgelope 2 jr. het ek God werklik leer ken."

"Sjoe! wat dit vir my beteken kan ek elke dag net sê dankie dankie Here!!"

"Dissipelskap het die skille van my oë afgehaal."

"Ek het nader en nader aan God begin leef en sy teenwoordigheid ervaar, mense verhoudings en liefde vir ander het ook begin groei."

"My verhouding met Christus het werklik verdiep, my prioriteite het verander. My geestelike lewe het vir my meer sin gemaak, ek kan nou duideliker onderskei wat vir my werklik belangrik is en ook op my pad vorentoe, en dit is dat in my toekoms wil ek nie een dag sonder Christus aan beweeg nie."

"Wat 'n belewenis was dit om my Vader beter te leer ken, en nader aan Hom te gegroei het."

"Ek het hierdie twee jaar geleer om in God se teenwoordigheid te leef. Ek het Hom leer ken as 'n almagtige Vader en ek het sy almag, alomteenwoordigheid, sy alwetendheid, sy getrouheid en sy liefde en genade leer ken."

"Dissipelskap is 'n lewenswyse en hoe meer en hoe nader ek aan die Here wandel, hoe meer maak Hy sy plan aan my bekend en hoe meer sluit Hy my by sy plan in."

"Liewe Heer, Waar begin ek? Die verskil wat U in my lewe gemaak het die laaste twee jaar is onbeskryflik. U het my geleer hoe om te praat, hoe om dinge te doen. Ek het soveel meer selfvertroue. Ek voel ek hoef niks meer teenoor iemand te bewys nie. Ek voel so gemaklik in myself."

"Dit het my uitkyk op die lewe verander en gee vir my hoop."

"Ek voel soos 'n nuwe mens."

"Ek is opgewonde oor wat voorlê en kan nie wag om te sien waarheen God my lei nie."

"Sjoe, dit was 'n belewenis. Dis ongelooflik om te weet dat ek hier kan wegstap sonder die bagasie waarmee ek gekom het."

"Ek is so opgewonde om te sien wat God se pad vir my inhou."

"Dit was soos om jou rekenaar heeltemal te 'format'. Dit voel nou soos 'n 'fresh start.'"

TERUGVOER VAN PREDIKANTE WAT DIT IN DIE GEMEENTE GEBRUIK:

Ds Charl du Plessis – George Bergsig.

Die dissipelskapproses het beslis 'n nuwe dinamika in my eie bediening en ook in die gemeente gebring. Vir lank het ek gesoek en gebid vir 'n "tool" om my te help om op 'n sinvolle wyse uitvoering aan my roeping as predikant te gee. Ek het geweet dat ek net met instandhouding besig is en nie gelowiges toerus en dissipel soos wat God my geroep het om te doen nie. Dikwels het ek vir myself die vraag gevra: wat laat ek na as ek uit die gemeente weggaan of as ek sterf. Die dissipelskapproses was dit waarna ek gesoek en waarvoor ek gebid het. Die proses het my weer gehelp om in die teenwoordigheid van God te leef - om tyd te maak vir ontmoeting met Hom - maar ook om lidmate te help om hul roeping te kan verstaan en uit te leef.

Geleidelik is die proses besig om deur te suur in die gemeente. Mense raak so positief en opgewonde oor hul verhouding met God - hul begin te verstaan waarom dit in die lewe gaan. Iets van ons gestuurdheid in die wêreld is besig om tot sy reg te kom. Mense wat ek nooit gedroom het by 'n proses van dissipelskap betrokke sou wees nie, het ingeskakel en ervaar groei en diepgang in hul lewens waarvoor mens die Here oneindig dankbaar is.

AANVULLENDE DISSIPELSKAPMATERIAAL:

Ons het ook 'n **tienerdissipelskap** kursus, "Volg My!". Op die oomblik het ons al materiaal vir twee jaar, maar die gedagte is dat dit op die ou end oor vier jaar sal loop. Dit sou ook in die plek van (of aanvullend tot) die kategeese gebruik kan word.

Ons is ook besig met die ontwikkeling van 'n **gesinsdissipelskap** program. Ons gebruik dit in ons gemeente (met sommige ouers) in die plek van kategeese. Ouers doen die sessie saam met hulle laerskoolkinders by die huis. Daar word sterk gefokus op wie God is en op waardes.

Die gesin kom dan saam met 3 – 5 ander gesinne wat dit ook doen. Elke gesin deel wat hulle ontdek het. Daar is dan ook 'n kreatiewe aktiwiteit wat hulle almal (ouers en kinders saam) verder gesels oor die materiaal. Die mense wat dit doen vind dit baie verrykend en bevredigend, beide ouers en kinders is baie positief daaroor.

Vrae wat gereeld gevra word:

Kan ons op ons eie begin? (sonder iemand wat dit alreeds gedoen het).

Ja, die materiaal is so opgestel dat die deurwerk daarvan nie afhanklik is van 'n "kundige groepleier" nie. Dit gaan juis daarvoor dat almal wat deel is van die groep die materiaal moet deurwerk deur te gaan stil word daarmee. Dit gaan daarvoor dat elkeen vooraf by God moet uitkom en leer onderskei wat op sy hart vir jou lewe is. Wanneer die groep dan bymekaar kom, deel almal met mekaar wat hulle van God gehoor en geleer het. Die sogenaamde "leier" fassiliteer net die gesprek en moenie alleen praat nie.

Kan ons die materiaal in ons selgroepe gebruik as selmateriaal?

Eintlik is dit nie bedoel om as selmateriaal te gebruik nie. Dit vra 'n hoër vlak van verbintenis en voorbereiding. Mense is gewoon om net op te daag by 'n selbyeenkoms, want iemand anders het voorberei en sal die groep dan lei. Dis ook maklik om 'n selbyeenkoms te mis, sonder dat jy regtig "agter raak". Met hierdie materiaal is dit anders. Elkeen moet goed voorberei, eintlik gaan stil word by God met die materiaal en dan kom deel wat hulle gehoor en ontvang het. Die leier bied nie die sessie aan nie, maar fassiliteer net die gesprek. So, as 'n selgroep gewillig is om hierdie vlak van verbintenis met mekaar en God aan te gaan, sou hulle dit met vrug kan gebruik. Andersins, sal dit hulle dalk frustreer, want hulle sal voel daar is "te veel" om te doen. Dit sal ook glad nie werk as daar kinders deel van die sel is nie.

Moet elkeen sy/haar eie handleiding hê?

Ja beslis, dit kan nie op 'n ander manier werk nie. Dit gaan weereens daarvoor dat almal met die materiaal moet gaan stil word in voorbereiding vir die sessies. Ek weet van een geval waar 'n persoon dit gebruik het as materiaal wat hy vir die groep kom aanbied het (die ander het nie boekies gehad nie). Dit het hy probeer ten spyte daarvan dat ons gesê het dat dit nie so kan werk nie. Dit het dan ook nie gewerk nie. Die mense het belangstelling verloor.

Aan die ander kant, getuig alle groepe wat dit as groepe saamdoen en self deur die materiaal werk, van groot verandering, nuwe insig en groei in hulle lewens.

Wat is die ideale groter van 'n groep?

'n Groep kan bestaan uit enigiets van 2 tot 10 mense. Dis natuurlik nie onmoontlik om meer as 10 mense in 'n groep te akkomodeer nie, maar dan is dit feitlik seker dat sekere groeplede half gaan "wegraak" in die groep. Die groepleier sal dan moet seker maak dat hy of sy belangstelling toon in al die groeplede en aan almal aandag gee. Veral teruggetrokke mense moet soms direk gevra word oor hulle ervaring of siening van sake, anders sal hulle dit nie in 'n groot groep gee nie.

Is dit raadsaam om gemengde groepe (mans en vrouens) te hê?

My ervaring is wel dat dit beter is om gemengde as aparte groepe te hê. Veral as dit kom by getroude paartjies, is dit baie sinvol dat drie tot vyf paartjies dit saam doen. Mans is dikwels meer terughoudend by emosionele of geestelike sake. Die vrouens se groter openheid help dan baie om die groep se gesprek te stimuleer.

Aan die ander kant is dit tog nie raadsaam om paartjies wat huweliksprobleme het in dieselfde groep te plaas nie. Hulle is dan te veel bewus van mekaar en lees net raak wat hulle maat veronderstel is om te hoor.

Hoeveel tyd gaan dit van ons vra?

Dit kan ook net werk as almal wat deel is van die proses bereid is om 'n hoër vlak van commitment te maak. Dit werk nie soos 'n selgroep waar mense sommer maar na willekeur kan wegbly as hulle die aand nie lus is om te gaan nie. Die sessies bou op mekaar en dis belangrik om so ver moontlik elke sessie by te woon.

Met so 'n commitment vra dit die volgende aan tyd. Aanvanklik een uur per week vir voorbereiding. Vanaf sessie 4 gaan dit ongeveer twee uur per week vir voorbereiding vra. Dit kan egter as deel van jou stiltetyd gedoen word, want dit is eintlik stiltetyd materiaal. Dan vra dit ook ten minste een-en-'n-half uur per week vir die groepsessie. Daar is 12 Sessies in elke module en daar is vier modules. Elke groep kan self besluit teen watter pas hulle deur die materiaal wil werk. Onself doen gewoonlik twee modules per jaar. Ons sprei dan die 24 sessies oor die jaar uit.

Is dit raadsaam om twee tot drie weke by een sessie stil te staan?

Dit kan soms gedoen word, as die groep van oortuiging is dat hulle nog nie werklik alles goed deurgetrap het nie. Ek sou egter sê dat dit beter is om te probeer hou by een week per sessie. Onthou, die materiaal word nie in die groepsessie vir die eerste keer "deurgewerk en behandel" nie. Wanneer mense by die groep kom, het hulle alreeds die materiaal deeglik deurgegaan. Dit is nou die geleentheid om te deel wat julle ontdek het. Daarom beteken dit nie dat die sessie nie klaar is, as julle nie oor alles in die sessie gesels nie. Almal het dit mos klaar deurgewerk. Die belangrike is eerder om seker te maak dat julle oor die dinge gesels wat julle regtig tydens die voorbereiding aangespreek het. Op die wyse val die groep nie vas nie, maar beweeg aan. Sommige mense raak gefrustreerd as daar te lank stilgestaan word by elke sessie en daar die gevoel is dat die groep nie regtig vorder nie.

Dit is eerder meer voordelig om die materiaal later vir 'n tweede keer deur te gaan (nadat al die modules deurgewerk is).

Wat daarvan as daar groeplede is wat vanweë hulle werk nie al die sessies kan bywoon nie?

Dit gebeur gereeld dat daar mense is wie se werk hulle wegneem uit die dorp of stad. In sulke gevalle, laat ons dit wel toe dat hulle deel van 'n groep word, eerder as om dit glad nie te doen nie. Dit gaan net baie toewyding van die persone vra om seker te maak dat hulle bybly deur alle sessies deeglik deur te werk, ook die waarvan hulle nie die groepsessie kan bywoon nie. As hulle dus werklik die beginsels toepas waaroor dit gaan, kan hulle nog altyd deel in die pad van dissipelskap.

Hoe belangrik is die retraites as deel van die dissipelskap program?

Ek dink dit is van wesenlike belang. Daar is mense wat ongelukkig vanweë omstandighede nie die retraites kan bywoon nie. Hulle getuig ook van groei en groot verandering in hulle lewe. Maar almal wat wel die retraite bygewoon het, sê net omonwonde dat dit nie dieselfde kan wees daarsonder nie. Die punt is net dat ons daar die geleentheid gee om regtig met belangrike sake te gaan stil word voor God waarvoor geen mens net so in die gewone loop van die lewe die tyd kry nie. Ek self vind dit moeilik om te glo en te verstaan dat mense sê dat hulle dit nie kan inpas nie. Ek dink dit is 'n leuen van Satan wat hulle weg hou van dit wat God vir hulle wil gee.

Niemand van ons word weggehou van ons vakansies of lang naweke as ons besluit om iewers heen te gaan nie. Ons ontsien ook nie die kostes daaraan verbonde nie, want ons glo dat ons dit nodig het. Nou, net so wil ek sê dat hierdie een lang naweek in jou lewe (waarvoor jy waarskynlik een dag verlof moet insit), so 'n groot invloed kan uitoefen op die res van jou lewe, dat die waarde daarvan nie in geld bereken kan word nie. Doen dus gerus moeite om by 'n retraite uit te kom. As die groep waarvan jy deel is, nie 'n retraite reël nie, kontak my en vind uit wanneer ons retraites aanbied en probeer by een van hulle inskakel. Jy sal nooit spyt wees nie.

Wat doen die groep as hulle klaar is met al ses modules?

Die gedagte is dat mense met die verloop van die proses by God self duidelikheid sal kry oor wat die volgende stap is. Dissipelskap is 'n lewenswyse waar ons leer om by God antwoorde op ons vrae te kry. So indien mense se verhouding met God groei soos dit kan, behoort hulle teen daardie tyd te kan onderskei wat die volgende stap is. Dit kan moontlik wees as die leier van 'n nuwe dissipelskapgroep. Dit kan ook wees dat God uitwys dat die persoon een of ander bediening in die gemeente moet begin, of by betrokke moet raak. Die groep sou ook kon aangaan om as selgroep te funksioneer (as almal dit so verkies), of hulle kan by ander selgroepe inskakel.

My ervaring is dat die mense wat die meeste baat vind by die hele proses, is juis die wat die pad verder loop met ander mense en dit dan vir 'n tweede keer saam met die nuwe groep doen. Hierdie mense getuig altyd met groot verbasing van hoeveel hulle die tweede keer ontdek en raaksien wat hulle die eerste keer heeltemal gemis het. Die rede daarvoor is eintlik logies. Wanneer mens dit die eerste keer deurgaang, het jy dikwels nog soveel vrae en seer, dat jy nog nie oop of gereed is om sekere goed raak te sien of in te neem nie. Wanneer daar eers 'n groot klomp genesing plaasgevind het, is mens baie meer oop om nuwe opwindende waarhede te ontdek!

Watter resultate kan ons in die gemeente verwag?

Hierdie is alles behalwe nog 'n kitsoplossing vir 'n klompie probleme in 'n gemeente. Dit is 'n **langtermyn proses** van dissipelskap (of navolging van Christus). Daarom werk dit **oor tyd heen** deur in mens se lewens en die gemeente. Mens sien wel gewoonlik dadelik "resultate" en verandering by die mense wat besig is om die pad te loop. Mense begin spontaan te praat oor dit wat hulle van die Here leer, teenoor vriende en by die werk. Gewoonlik word 'n redelike persentasie van die mense wat deur die proses gaan, sterk leiers in die gemeente wat self baie inisiatief begin neem.

Daar is egter ook, soos met enige ander proses, gewoonlik 'n paar wat "uitval" of nie kans sien om aan te gaan nie. So was dit immers ook met diegene wat Jesus geroep het om Hom te volg.

In ons eie gemeente (Klema) is ons nou (2008) ongeveer 14 jaar lank besig met die proses. Die gevolg is dat ons baie meer goed toegeruste leiers het; ons kleingroepe het baie gegroei (terwyl dit voorheen maar konstant gebly het), sonder dat ons spesiaal daaraan aandag gegee (maw dit is as uitvloeisel van die dissipelskap proses). Ons het 'n baie groot groep baie toegewyde jongmense (omdat ons die program ook vir studente aanbied). Verskeie lidmate wat totaal onbetrokke was, is nou van ons staatsmakers in die gemeente. Sommige lidmate het nuwe bedieninge begin met baie groot vrug. Ons jong werkende lidmate (wat die proses deurloop het), se dankoffers wys dat hulle dankbaar is vir dit wat God in hulle lewens gedoen het. Van ons lidmate wat dit gedoen het en hiervandaan weggaan, kom in ander gemeentes en raak betrokke. Baie dikwels as leiers van dissipelskapgroepe. Op die manier is daar al in 'n hele komp gemeentes begin met die dissipelskapproses.

Een van die verblydendste aspekte vir my, is dat baie van die mense begin verstaan wat dit beteken om as geroepene in die wêreld te leef, daar waar hulle elke dag werk. Hulle word dan daar getuies van dit wat God besig is om in hulle eie lewens te doen, van dit wat hulle "sien en hoor". Hierdie getuigenis is spontaan en eg en daarom raak dit ander se lewens aan.

Ek is egter oortuig daarvan dat baie min hiervan sou gebeur het as ons dit net vir 'n jaar of twee gedoen het en dan weer "iets anders" gesoek het wat moontlik 'n "kitsoplossing" kan wees vir ons "probleme".

Gebedskaarte

Ons vra gewoonlik vir elke persoon wat deel word van die proses om vir twee of drie ander mense te begin bid. Mense vir wie hulle graag aan die proses sal wil bekend stel as hulle self daarmee klaar is, of deur dit self saam met hulle te doen, of deur dalk vir 'n familielid of vriend die eerste twee modules as geskenk te gee. Op die manier leer die dissipels dat hulle ook van ander dissipels moet maak.

BESTELLINGS:

Handleidings kan direk by die skrywer bestel word. Die maklikste manier is om per e-pos kontak te maak by dissipel@gmail.com . Daar is ook 'n kort handleiding vir groepleiers (R10.00 per kopie), wat aan die groepleier redelike breedvoerige riglyne gee oor die fasilitering van die proses.

Die kostes is op die stadium **R40.00** per module. Posgeld en transaksiekostes werk uit op plus minus **R5.00** per module. Geld kan direk in die volgende rekening inbetaal word:

Dissipelksap BK, ABSA Bank, Rek nr: 92 0709 7201, Takkode: 632 005.

Faks inbetaal strokie deur na: 041-5831788 met adres waarheen boekies gestuur moet word, of e-pos dit aan bg e-pos adres.

Deon Loots (083 6666359)